Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 3: Nommer 6 – 29 Augustus 2025

## OUERLEIDING

### WhatsApp "channels" – Wees bewus

**Kom ons maak Laerskool Lynnwood 'n foon-vrye-area omdat 'n Lynnie glad nie 'n foon nodig het nie.**

Baie sosiale media platforms het ook 'n minimum ouderdomsvereiste, gewoonlik 13.

Maak dus seker jou kind is oud genoeg om die platform waarin hulle belangstel te gebruik en stel ouderdomsbeperkings op hul toestelle.

Die "*Digital Law Company"* het onlangs 'n waarskuwing vir ouers op sosiale media geplaas oor die gevare van WhatsApp "channels".

<u>Wat is 'n WhatsApp-"channel"</u>?
'n "Channel" is 'n eenrigting-kommunikasieplek waar administrateurs inligting, foto's, video's en stemnotas deel. Dit werk soos 'n nuusvoer – volgelinge kan die inhoud sien, maar kan nie self reageer nie (behalwe met emoji's). Baie van die kanale is nie kinder vriendelik nie en kinders kan blootgestel word aan onvanpaste inhoud.

**Wat ouers moet weet**

- <u>Privaatheid</u>: Kinders se nommers is nie sigbaar nie, maar hulle sien administrateurs se naam of foto.
- <u>Inhoudbeheer</u>: Enigiemand kan 'n "channel" begin – daar kan dus onvanpaste inhoud wees.
- <u>Fopnuus</u>: Kinders kan blootgestel word aan vals of misleidende inligting.
- <u>Tydsbesteding</u>: Te veel "channels" kan lei tot oormatige skermtyd en afleiding.
- Praat met jou kind oor watter "channels" hulle volg.
- Leer jou kind om fopnuus en vals inligting te herken.
- Moniteer skermtyd en stel grense.
- Herinner jou kind om nooit persoonlike inligting aanlyn te deel nie.
- Dit is belangrik om jou kind op te voed oor aanlynveiligheid, insluitend die risiko's verbonde aan sosiale media.
- Leer hulle om nie persoonlike inligting te deel nie, om vreemdelinge aanlyn te vermy en om enige verdagte aktiwiteit aan te meld.
- Skep 'n veilige ruimte vir jou kind om oor hul sosiale media-ervarings te praat.
- Moedig jou kind aan om na jou toe te kom met enige bekommernisse of probleme wat hulle mag hê.
- Ouerbeheersagteware kan jou help om jou kind se aanlynaktiwiteit te monitor en toegang tot onvanpaste webwerwe en inhoud te blokkeer.
- Om te kyk watter "channel" u kind volg kan daar links onder op die WhatsApp toepassing onder "Updates" gekyk word.
- Vir meer inligting – www.thedigitallawco.com

## GHOLF- EN ROLBALDAG




Loer gerus hier na al die betrokke borge van die Gholf-en Rolbaldag van 15 Augustus 2025.
https://drive.google.com/file/d/1p_BVVeQuCGnoa27XdhTfTZxZcf6Zxlbs/view?usp=share_link

## HERREGISTRASIE 2026




## LYNNIERAAD

Die Lynnieraad het hierdie kwartaal die voorreg gehad om 'n verskeidenheid van opleiding te ontvang. Die Voortrekkers het ons geleer van knope maak en oorlewing strategieë.



Die Lynnieraad het saam met Gro-life en Maryna Stevenson geleer oor Tafel etiket en ons liggaam, siel en gees. Ons het ook geloofsgesprekke gehad onder andere oor Jesus en hoe Hy ons as leiers beïnvloed.



Die Lynnieraad het twee funksies uit die boonste rakke aangebied. Ons het meneer Kurt (Adjunkhoof Ondersteuningsdienste) se verjaarsdag asook Vrouedag gevier.







## SOMERSDRAG




**Tans is die dra van somersdrag in 'n oorgangsfase.**
**Vanaf 8 September**
**sal somersdrag verpligtend wees.**

## S P O R T

### SWEM

Caleb Muller in graad 7 het die afgelope Saterdag aan die jaarlikse *'NTS Short Course Swimming Championships'* deelgeneem by Curro Hazeldean. Hy het tydens hierdie kompetisie gekwalifiseer vir die SA Junior Nasionale Swemkampioenskappe wat in Maart 2026 in Port Elizabeth plaasvind.




### LANDLOOP

Lynnies het 10 atlete wat verkies is tot die AGN-span wat op 6 September gaan deelneem by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe te Middelburg.

Die atlete is: Mia Ströhfeldt, Isabelle Barnard, Elizabeth de Beer, Charlotte Oelofsen, Lynicke Pienaar, Lemay van der Westhuizen, Lianka Palm, Zanelle Geertsema, Matthew Gavin en Malan Strijdom

### KRIEKET

Lynnwood het hierdie week liga krieket teen Laerskool Garsfontein gespeel. Volgende week is liga teen Midstream College.
Let wel: Sekere spanne se normale wedstryd dae moes skuif as gevolg van Midstream se Lentefees.

Volgende week se bepalings:

| | | |
|---|---|---|
| Maandag 1 September 14:00 | o/13B vs Midstream College o/13B | AttSport A |
| Maandag 1 September 14:00 | o/12A vs Midstream College o/12A | Midstream College Meerkat veld |
| Maandag 1 September 14:00 | o/12B vs Midstream College o/12B | Midstream College Steenbok veld |
| Maandag 1 September 17:45 | o/12C vs 1ste span Dogters | Old Boys B |
| Dinsdag 2 September 14:00 | o/13A vs Midstream College o/13A | Lynnwood |
| Dinsdag 2 September 14:00 | o/10A vs Midstream College o/10A | Midstream College |
| Dinsdag 2 September 14:00 | o/8 Bou vs o/8 Wit | Old Boys B |
| Woensdag 3 September 14:00 | o/9A vs Midstream College o/9A | Lynnwood |
| Woensdag 3 September 14:00 | o/9B vs Midstream College o/d9B | AttSport A |
| Woensdag 3 September 14:00 | o/8 vs vs Midstream College o/8A | Old Boys B |
| Woensdag 3 September 17:45 | Bev Krieket Gr. R en Gr.d 1 en dogters 2de span | Lynnwood |
| Donderdag 4 September 14:00 | o/11A Middel oefening | Lynnwood |
| Donderdag 4 September 14:00 | o/8 Groen vs o/8 Rooi | Old Boys B |
| Donderdag 4 September 17:30 | o/9C vs o/8 Wit | Lynnwood |
| Vrydag 5 September d14:00 | o/11B/C vs Midstream | Attsport A |
| Vrydag 5 September 14:00 | o/10B/C vs Midstream | Old Boys B |
| Vrydag 5 September 14:00 | o/9A/B Unika Bash | Laerskool Unika |
| Vrydag 5 September 14:30 | o/10A/B Unika Bash | Laerskool Unika |
| Vrydag 5 September 14:30 | o/11A/B Unika Bash | Affies |
| Vrydag 5 September 14:30 | o/13A/B Unika Bash | Affies |
| Vrydag 5 September 17:30 | 3de span vs Pta Oos 1stes | Pta Oos |

## BERGFIETS PRET BY HAZELDEAN VALLEY TRAILS

Ons skool se bergfietsryers het die naweek van 23 Augustus aan 'n opwindende wedren by Hazeldean Valley Trails deelgeneem. Leerders van graad R tot Graad 7 het hul talente gewys en die uitdagende roetes met groot moed en deursettingsvermoë aangedurf.

Die dag was vol opgewondenheid, glimlagte en spanbou. Ouers en ondersteuners het die ryers langs die baan aangemoedig en die gees van samehorigheid was duidelik sigbaar. Dit was wonderlik om te sien hoe elke deelnemer sy of haar beste probeer het.

'n Groot dankie aan almal wat die dag moontlik gemaak het, en 'n spesiale gelukwensing aan al ons leerders wat ons skool se naam met trots gedra het!



Isabella du Toit 4de plek, Zelda Engelbrecht 13de plek en Liani Kruger 27ste plek



Charlie van Rensburg 2de plek, Xander Parsons 5de plek.



<u>Nog uitslae</u>:

- Lana Weideman: 16de plek
- Ruper Weideman:11de plek
- Lienke de Klerk: 30ste plek
- Quinton Engelbrech: 15de plek
- Renier Eksteen: 76ste plek
- Michael Manthey: 33ste plek
- TG van Wyk: 90ste plek
- Gerhard Swart: 92ste plek
- Caylem van Nieuwenhuizen: 58ste plek

## HOKKIE

***WAT 'N PA NIE ALLES SAL DOEN NIE . . .***






## BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIE

### GIMNASTIEK

Emilia Bester het TUKS Universiteit verteenwoordig met haar deelname aan die Gauteng-Noord gimnastiek kompetisie.

Sy het eerste plek behaal vir die balk roetine en sy was algeheel in die derde plek vir haar ouderdomsgroep.





## KULTUUR

### REDENAARS



Baie geluk aan Lienke Miles, graad 5 wat 'n A++ en Henry Miles, graad 1 wat 'n A+ behaal het by Oppie tong af individuele redenaars.

Baie geluk aan die volgende spanredenaars wat deur is na die KANSVATTERS NASIONAAL FINAAL.

**Graad 1 - 3**

Isabella Krüger, Isabelle Schoeman, Nika Stander, Emily Strydom, Henry Miles, Lodewyk Swart, Lenard Steyn, Alex Minty, Jayden Delport, James Slabbert, Pierre Fourie, Hansie Olmesdahl Wouter Rothman, Kayden Willis, Lian Eksteen, Richter Maritz, Malan Müller, Sibella van der Vyver, Cara Wagenaar en Rikus Geertsema

**Graad 4 - 5**

Mienke Gremels, Cara Swanepoel, David McKechnie, Lynicke Pienaar, Milan Lotz, Kara van Huysteen, Inger Nel, Marghite Vermooten, Noah Hayes, Melanje Maasdorp, Benjamin Ströfeldt, Lumé Botha, Barry Slabbert, Matthew Gavin, Jean Roux en Daniël Louw

**Graad 6 - 7**

Kyle Hudd, Liebe Nel, Abigail Ridgard, Milla Roux Milandri Schalekamp, Bella Wolfaardt, Livi Engelbrecht, Cullen Naudé, Miané Swanepoel, Mariza Jonker, Amelie Barnard en Janru Krige



Baie geluk aan die graad 4 spanredenaargroep van - Mienke Gremels, Cara Swanepoel, David McKechnie en Lynicke Pienaar wat ook deur is na die Nasionaal finaal van Radikale redenaars.



Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor.  Let wel: Spanredenaars-lede moet ook op die redenaargroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

**Redenaargedagte vir die week**:
*"Jou stem dra die krag om harte te raak, denke te verander en 'n verskil te maak. Moet nooit bang wees om met selfvertroue en passie te praat nie – die wêreld het jou unieke boodskap nodig."* Isabel Strauss

## KUNSTE AKADEMIE

Baie geluk aan Liezel Devenish wat aangewys is as kategoriewenner van die Graad 3 Prosa afdeling by die Centurion Kunstefees!



## LYNNIES IS 'N ROOKVRYE AREA

Wees asseblief bedagsaam om ook nie in die parkeerarea sigarette uit te gooi nie.

Ons Lynnies begin somersdrag aantrek en loop dan kaalvoet.

Baie dankie vir u samewerking.

## SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**2025**
Kwartaal 3: Skool sluit Vrydag, 3 Oktober
Woensdag, 24 September: Publieke vakansiedag (Erfenisdag)
Kwartaal 4: 13 Oktober tot 10 Desember

**2026**
Kwartaal 1:14 Januarie tot 27 Maart
Kwartaal 2: 8 April tot 26 Junie
Kwartaal 3: 21 Julie tot 23 September
Kwartaal 4: 6 Oktober tot 9 Desember

## A K A D E M I E

**WISKUNDE: Graad 6**
Ons graad 6 leeders het kreatief geraak met wiskundige 3D-voorwerpe se nette om hierdie oulike diertjies te kon bou.Wiskunde is ALTYD pret by Lynnies!







## AFRIKAANS: Graad 4 – Spelfees

Ons Graad 4 Lynnies se top 12 Afrikaanse leerders was genooi om deel te neem aan 'n spelfees kompetisie. Ons leerders het baie goed gevaar en selfs in vergelyking met ander skole baie ver gevorder. Baie geluk aan Anjé de Wet (eerste plek), Dené Strydom (tweede plek) en Neo Senekal (derde plek) wat deurgedring het tot die volgende rondte. Hierdie drie gaan Lynnies verteenwoordig by Unisa op 30 Oktober teen ander skole.
Baie sterkte, julle maak ons reeds so trots!









## WRO ROBOTICS

Op Saterdag, 23 Augustus het sewe Lynnies (en drie oud-Lynnies) deelgeneem aan WRO ROBOTICS, Gauteng kompetisie. Dit was 'n ongelooflike dag!

Baie geluk Lynnies!

Uitslae van die dag:
**Elementary kategorie:**

- √ 1ste plek: *Code Red*: graad 5 – Beyers Maritz en Luca Wiese
- √ 2de plek: *The Martians* graad 6 – Andreas Nel, Hannes Kruger en Kaleb Wessels.

Oud-Lynnies wat deelgeneem het aan Junior kategorie:

- √ 1ste plek: Liam Senekal, Bella Nel en Lana Swanepoel.

*Code Red, The Martians* en *Lego Logix* is deur na die Nasionale rondte wat plaasvind op Saterdag, 13 September 2025.













## LYNNIES BIDGROEP




BID VIR LYNNIES
Woensdae 07:25 voor die hoofhek,
of in juffrou Ilsé se kantoor.
Kontak Anlia 082 927 1020

## 2025 KASKARDAG




## PERSONEELVERJAARSDAE

**AUGUSTUS**

31 Nettie Steyn (pre-prim)

**SEPTEMBER**

1 Linkie Sekwakwa (alg. ass) en Ina du Pont (pre-prim ass)
6 Festival Masja (alg. ass)
12 Elana Koekemoer (pre-prim ass)
22 Rushada Venter (naskool)

## D A G B E S T U U R




**Steve Stolk**
**UITVOERENDE HOOF**


LYNNWOOD GEMEENTE
Smulfees 2025
Koeldrank en lekkergoed
Kindervermaak
Wit olifant-tafel
Slypstasie
Wyn
Biltong en droëwors
Veiling
Pannekoek
Worsbroodjies
Jaffles
Kerrie en rys
Koffie en koek
NG Lynnwood Gemeente
6 Sep
@15:00 tot 21:00
Indien u betrokke wil raak, skakel asseblief die Kerkkantoor by
012 348 1245


gro
Leonie du Preez
Life Coach
082 718 7052
leonie@grolife.co.za
www.grolife.co.za


ELEVATE YOUR STANDARDS, ELEVATE YOUR SUCCESS
Did you know that grooming, dress, and interpersonal interactions are essential aspects of professionalism?
Ready to elevate your professional presence?
Book a coaching session with me or send me a message to learn more.
078 460 1288
078 460 1288
www.marynastevenson.co.za


Groot Boks Groot Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
bigbox.co.za 0861 44 74 74


GRUB house
Burgers, Pizza, Wings, Shakes and more...
come get messy! with the GRUBhouse Family!
www.grubhouse.co.za